# GESLEPE PRINS UIT ARABIE

★ ★ ★

## Henk Human Reeks (3)

★ ★ ★

Jef van Staden

Die moeilikheid het op 'n deftige skemerkelk-partytjie begin toe die imposante Arabiese prins so 'n oorweldigende indruk op die lewenslustige Tisa Olivier gemaak het.

Haar man, André, het niks daarvan gehou nie, en vir Tisa sowel as vir die prins was dit net mooi vet in die vuur. André het die hulp van die kranige Henk Human ingeroep, en toe het die poppe regtig begin dans . . . Daar is 'n byna noodlottige nagtelike eskapade in die Arabiese ambassade, 'n nagmerrievlug per vliegtuig oor die volle lengte van Afrika, en nog so 'n hele paar ander avonture op die koop toe.

Henk Human

# GESLEPE PRINS UIT ARABIË

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*
PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1962

## INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Skemerkelk-vlamme | 5 |
| 2. | Slag vir André | 15 |
| 3. | Henk en die Prins | 25 |
| 4. | Botsing by die Ambassade | 35 |
| 5. | Maar dis mos Tisa! | 42 |
| 6. | Die Armband | 50 |
| 7. | Dooie Punt | 57 |
| 8. | Besoeker vir Tisa | 65 |
| 9. | Elsa ook in die Knyp | 74 |
| 10. | Ternouernood | 78 |
| 11. | Die Prins trap Vas | 87 |
| 12. | Verras | 92 |
| 13. | Bloedhoue | 98 |
| 14. | Laaste Sarsie | 101 |


Hoofstuk 1

## SKEMERKELK-VLAMME

„VANAAND . . . vanaand . . . is dit basta met jou ewige flirtasies, vroutjie . . . Ek het nog nie die vorige keer vergeet toe jy so geflankeer het met daardie Spanjaard, Don . . . wat was nou weer die vent se naam?"

André Olivier, skraal en kort, voel of sy papawer-rooi satynstrikdassie nog behoorlik in posisie is. Hy wend hom na die beeldradiostel in die portaal. Hy dink dis haas tyd dat die gaste moet opdaag.

Hy voel ergerlik . . . Hy wens hy kon liewer agter in sy werkkamer aan sy geliefkoosde stokperdjie gaan peusel. Die opgewonde stem van Tisa laat hom in sy spore vassteek.

„Ag, André, skattie," vloei haar heuningsoete stem deur die nuwerwetse sitkamer, „hoe lyk dit dan asof jy jaloers begin word, hè?"

Sy swaai 'n lang been sodat die sjampanje-pienk tabberd met die diep Cheongsam-spleet styf span en gaan sit dan op die kant van 'n deftige leunstoel.

„Ek sou so dink!"

André se stem sny deur die stilte in die vertrek en hy stap vorentoe na die beeldradio. Hy skakel dit aan en op die doek sien hy hoe die eerste gaste net deur die tuin opgestap kom na die voordeur.

„Luister, Tisa," begin hy haastig terwyl hy omswaai na sy vrou se kant toe, „wat darem te erg is, is te erg. So 'n bietjie onskuldige koketerie kan ek nog verdra, maar jou openlike gevryery . . . nee, daarvan loop ek nou net oor!"

Hy kyk nou vol na sy vrou waar sy reg onder die Chinese lantern met sy bonte skakering van lig op haar „Sidereal"-haarkapsel val. Die tabberd hang laag oor haar bruingebrande skouers en haar donker wimpers gooi 'n ligte skaduweetjie oor haar laggende gesig.

„Mense hou van my," antwoord sy, „en omdat ek vriendelik is, selfs innemend, dink jy al weer . . ."

„Stil!" skreeu Olivier terwyl hy die enkele knoop van sy helderblou baadjie vasknoop en na die deur se kant toe staan. Net toe hoor hy diep in die huis die klokkespel en staal hy hom om die eerste gaste te ontvang.

Tisa sit nog stil. Net vir 'n lang oomblik frons haar voorkop so effens en dan besef sy dat sy vanaand regtig lus het vir 'n vrolike party.

Toe hy die deur ooptrek, kyk André Olivier vas teen die pikkewyn-regop gestalte van die Korsikaanse gesant en gevolmagtige minister, die heer Pappadons, en aan sy sy, madame, lywig soos 'n opreggeteelde sampioen in die brose maanlig.

„Aaa . . . aaa," groet André, met 'n stralende ingemaakte glimlag. „Welkom, welkom."

„Aaaa . . . aaa," antwoord die ambassadeur en buig, en madame hou haar deegwit hand op vir André. Toe die ambassadeur orent kom met 'n taamlike beur, staan Tisa ook reeds langs André soos 'n pronkerige mannekyn. En die ambassadeur blom sommer toe hy haar sien. Hy neem haar hand met albei hande en lig dit statig na sy lippe . . . en toe hoor André reeds ander gaste aankom.

Dertig minute later is André Olivier se ultra-moderne spogwoning in Robotstraat 13, Waterkloof-rif, Pretoria, stampvol lede van die diplomatieke korps, kaalkop-sakemanne, beroepswedders—en niemand uit Pretoria se Moot nie.

Tussen hulle vleg Tisa Olivier rond soos 'n ruimtekapsule wat pas gelanseer is en die moeë sakelui begin sommer beter te voel. Almal spreek bewondering uit vir die geriewe in die huis . . . 'n huis so futuristies dat die een of twee wetenskaplikes wat ook onder die gaste is, keer op keer hul verbasing te kenne gee. Wanneer die voor- of agterdeur oopgemaak word, verander dit nie die temperatuur in die huis nie—'n luggordyn verhinder dat koue of warm lug van buite af inkom; elektroniese versperrings verongeluk alle insekte, soos muskiete en motte, wat van buite af probeer inkom; en veral vir Tisa is daar sulke geriewe soos hangkaste waarin alle klere skoongemaak word terwyl sy slaap en radiostelle so klein soos vuurhoutjiedose wat selfs Radio Peking goed opvang, al is die bure hard doenig met hul elektriese grassnyer . . .



Want hoewel André Olivier van beroep eintlik eiendomsagent is—hy kon na ses jaarlikse pogings nie 'n kursus in die sosiologie slaag nie—is dit eintlik hý wat al die geriewe vir sy vroutjie beskikbaar gemaak het deur sy stokperdjie as uitvinder daar in die afgesonderde kamertjie aan die agterkant van die huis.

André kyk nou, met 'n Havana tussen die vingers, hoe sy gaste—eintlik Tisa se bewonderaars, dink hy—wei aan die inkswart kaviaar, prima beeshaas uit die Bosveld en melktert soos jou ouma vergeefs geprobeer het om te bak.

André staar na die malende gaste. Dit dreun soos hulle babbel. 'n Kelner kom hou 'n skinkbord voor hom en meganies vat hy nog 'n whisky. Hy gooi die halfgerookte sigaar by die vuurherd in en slaan die geurige drankie met een hou weg.

Hy besluit die hele ou spul verveel hom. Toe hy die leë glas laat sak en lus voel om dit tussen sy vingers stukkend te druk, val sy blik op 'n opening in die rookwalms. Die kêrel staan aan die ander kant van die ruime sitkamer en hy paal sommer ver bokant die ander mense uit. André sien dat hy ook eenkant staan, en langs hom staan 'n swartkopnooi wat *anders* is, dit sien André sommer dadelik raak. Want sy is kalm.

André sit die whiskyglas bokant die vuurherd neer en begin tussen die massa liggame deurkronkel.

„Hallo, ou André," skreeu 'n vent nog op hom terwyl hy deur die klomp wurm.

„André, geliefde, jy het my nog nie eers paslik verwelkom nie," hoor André weer en sien twee oopgevlekte, bloedrooi lippe vlak voor sy gesig. Hy doen 'n vinnige systappie en uiteindelik kom hy anderkant deur.

Die lang man staan nog daar en die nooi langs hom ook. Nou kan André die lang kêrel behoorlik deurkyk. Hy besluit hy hou van hierdie man wat soos 'n kat kan ontspan te midde van so 'n bohaai soos hierdie skemerkelk-orgie.

André sien dat die lang man ook reeds van sy teenwoordigheid bewus word want hy draai om, sonder die minste in-

spanning en begroet Olivier met 'n breë glimlag.

André lig sy hand en voel dit word omsluit deur die lang man se regterhand en André weet hy het nou te doen met 'n soort mens wat 'n rariteit is.

„Ek is Henk Human," hoor André die diep basstem sê. „Ons het jou misgeloop toe ons ingekom het."

„Jy is baie welkom," antwoord André terwyl hy sy nek agteroor moet buig om die lang man in die oë te kyk.

„En dis juffrou Enslin, Elsa Enslin," voeg Human by en vat vir hom nog 'n vuis vol rooi grondboontjies.

Elsa glimlag net een keer en André voel asof hy 'n verjongingskuur ondergaan het.

„Lyk asof die jolyt gaan dik loop vanaand," sê Henk. „Enige spesiale rede waarom julle so vier?"

André Olivier wil nie oor die party gesels nie; hy brand om meer te weet van hierdie twee jong mense wat hom so onmiddellik op sy gemak laat voel, hom so aanvaar net soos hy is.

Maar dan antwoord hy op Human se vraag met 'n onverskilligheid wat deur sy hele bleek gesig syfer:

„Dis weer een van daardie wilde partytjies van my liewe ou wederhelf; dis eintlik soos 'n soort siekte . . . sy kry gereeld 'n aanval, maar eintlik teer sy op die aandag en die vleiery wat sy by sulke geleenthede by die skopgraaf vol ontvang."

„Ek sien," antwoord Human nog steeds kouend aan die grondboontjies. „En jyself dan, meneer Olivier, geniet jy dan nie die feestelikhede nie?"

„Geniet?" vra Olivier met 'n stem wat rasper. „Hierdie uitspattigheid walg my . . . want jy moet sien hoe hierdie plek môrevroeg gaan lyk."

„Dit kos geen groot verbeeldingskrag om te dink hoe dit gaan lyk as hulle eers uitbaljaar is nie," sê Elsa terwyl sy peusel aan 'n southappie.

„As die sotte darem een van my toestelle moet beskadig gaan ek self wild raak," sê Olivier omgekrap. „Al hierdie geriewe waaraan ek so baie ure gewy het."

Henk Human kyk wyd in die ruim kamer rond. In Pretoria, dink hy, is daar nie nog so 'n huis soos hierdie een



met al sy nuwerwetse toestelle wat alles daarop bereken is om die lewe vir jou so gemaklik te maak dat al beweging wat daar vir jou eintlik oorbly om self uit te voer, die beweging van jou longe is as jy asemhaal.

Hy kyk weer na die huiseienaar hier vlak voor hom. Die man kan nie oor die veertig wees nie, tog word hy vinnig pankop en die rimpels wal ook al oral op die gesig op.

En die man se gedagtes warrel so rond dat Henk wonder hoe hy dit reggekry het om sy aandag lank genoeg op een punt gevestig te hou sodat hy al sy ingewings kon laat materialiseer in die geriewe waarmee die huis toegerus is.

Olivier kom nou sommer met die hele sak patats voor die dag. Hy hou sy rug beslis gedraai op die lawaai hier agter hom en ontboesem homself aan Henk en Elsa wat goed luister.

„Vandat ek speenoud was, was ek 'n perfeksionis . . . Alles, letterlik alles, moet vir my volmaak wees," vertel Olivier. „En ek het dit ook reggekry, wat my beroep betref . . . my woning, my hele uitkyk op dinge."

„Maar daar was natuurlik die een groot uitsondering," help Henk hom aan. „Die een groot uitsondering op die reël . . . . en dit is . . .?"

André kyk verskrik na Human en nou voel hy nog sekerder dat hierdie lang, rankerige man met die kort blinde borselkop sommer so deur 'n mens kan kyk soos jy 'n broodmes deur 'n pond botter stoot.

„Hoe het jy geweet daar is 'n uitsondering?" wil hy vinnig weet.

„Ek kyk maar net rond, dis al, meneer Olivier, dan sien ek wat ek sien, en dis so eenvoudig soos wat dit is."

„En wat sien jy?" vra Olivier weer bra angstig.

„Ek sien jy en jou vrou skaaf teen mekaar en dit wil vir my voorkom asof dit soms so erg gaan dat die rook—en selfs vlamme—daar uitslaan."

„Raak gestel, meneer Human. Dis net soos die geval is. En die fout wat ek gemaak het in hierdie verband, skaaf my nog erger . . . en wat nog erger is . . . ek voel magteloos, ek voel die saak raak al hoe meer buite my beheer . . ."

„Werklik . . . is dit so erg? Almal praat dan van die ge-

lukkige Oliviers van Waterkloof," sê Elsa.

„Die skyn bedrieg," brom Olivier, „maar eintlik is dit presies wat ek beplan het. Sien, net soos met alles wat ek doen, het ek ook my huwelik sorgvuldig beplan. Die fasiliteite om dit te doen, het, toe ons getroud is, nog nie in Suid-Afrika bestaan nie. En daarom het ek die dametjie wat ek gekies het, in my vertroue geneem en voordat ons getroud is, het ek haar na Europa geneem om eers vas te stel of ons werklik bymekaar pas."

„Het julle toe rogbrood en swart koffie in die boemelaarskontrei in Parys geëet om vas te stel of julle deur dik en dun bymekaar sal staan?"

„Nee," antwoord Olivier met so 'n tekentjie van 'n glimlag oor sy smal lippe. „Ons het die ondersoek baie wetenskaplik gedoen. In Denemarke het ons soos twee proefkonyne deur 'n lang reeks sielkundige toetse gegaan. Die goed het aan my beursie geruk, die sê ek vir julle."

„En het die toetse jou toe tevrede gestel?" vra Human.

„Ses maande lank het ek en Tisa onder die voorskrif van die deskundiges gelewe. Sy was net 'n nommer vir my, ek net 'n nommer vir haar. Ons is van 'n kant af ontleed—jy weet: sulke feite of ek snork, of sý snork, my geliefkoosde kleure, haar grille, my grille, totdat ek naderhand gevoel het ek is net 'n bondel statistiek. En uiteindelik voer hulle toe die hele spul in een van daardie ultra-moderne rekenmasjiene. En toe ons ponskaarte anderkant uitkom, toe is die antwoord van die elektroniese rekenaar dat ek en Tisa as 't ware vir mekaar in die wieg gelê is, dat ons nooit gelukkig kon wees as ons nie mekaar gevind het nie."

Agter André Olivier trek 'n drieman-orkes nou los en kom die party op dreef onder leiding van Tisa Olivier. André Olivier druk sy hande tegelyk teen sy ore vas maar kyk nie eens om nie.

„En wanneer," vra Henk, „het die storm dan oor die huweliksbootjie opgesteek?"

„'n Jaar of wat het dit voor die wind gegaan. En toe een aand, ook so met 'n partytjie, begin Tisa te flirteer. Ek het my eers nie daaraan gesteur nie, maar mettertyd het ek gesien die ding gaan handuit ruk. Ek praat toe met haar



daaroor. Maar verbeel jou, pleks dat sy kwaad word, gedra sy haar net soos 'n glimlaggende sfinks daaroor . . . en sedertdien is dit nog elke keer so. Sodra ek dit ophaal, lag sy my feitlik uit en sê sy dat ek tog maar net jaloers is. Kyk, ek vind liewer 'n toestel uit om swaartekrag te oorwin as om te probeer om 'n vroumens te verstaan."

Henk en Elsa lag albei, maar Olivier se gesig bly stroef. „Ek het werklik gedink dat ek my lewe behoorlik onder beheer het, so behoorlik dat al bots daar ook 'n string planete teen mekaar, dit my nog nie sou aantas nie . . . maar nou weet ek nie. Maar, Human, jy lyk my soos 'n man met deursig. Wat doen jy vir 'n bestaan?"

„Ek maak probleme en dan los ek hulle op . . . en tussenin het ek my hande vol met juffrou Enslin," sê Henk.

„Nou wat doen jy aan die hand in my geval, meneer Human?" vra André dadelik.

„Ek stel voor dat ons dinge eers 'n bietjie laat ontwikkel, soos hulle reeds begin ontwikkel het . . . Kyk daar . . ."

In die middel van die kamer kring die gaste om 'n paar wat op die maat van die orkes 'n uitvoering gee van die „twist"-dans. Die gaste staan asof versteen so realisties word die bewegings uitgevoer en toe Henk en Elsa met André Olivier aan die spits ook by die kring gaste aansluit, sien hulle dat dit Tisa en 'n lang, donker man is.

„Wie is hy?" vra Elsa.

„Niemand anders as sy hoogheid prins Ali el Zimir nie—die ambassadeur van die Verenigde Arabiese State . . . die vuilgoed!" antwoord André wat kwaai moet rek om ook te kan sien.

Die orkes speel ál vinniger en Tisa en die prins kap dit so uit dat Henk wonder hoe lank hul ruggrate dit gaan hou soos hulle agteroor, na links en regs kronkelbewegings maak. Tisa lyk asof sy in 'n beswyming is en haar blik bly vasgenael op die prins wat sy baadjie uitgetrek het en met gespierde liggaam soos 'n deskundige die moeilike bewegings van die dans uitvoer.

„Sien jy nou?" vra André vir Henk. „*Dis* wat ek bedoel het . . . Dis die ou storie. Ek het sommer lus en gooi die Koelie uit my huis."

Henk sien dat Olivier wil bars van die woede—of is dit bloot jaloesie. Eintlik lyk dit meer na pure magteloosheid, besluit Henk.

Eindelik hou die orkes op en Tisa is so uitgeput dat die prins haar na 'n stoel moet help. Hul uitvoering word begroet met luide applous en die party word voortgesit.

André swaai sommer kort op sy hakke om en vra vir Henk en Elsa of hulle saam met hom na sy werkkamer agter in die huis wil gaan.

„Ek kan nie nog so 'n affêre aanskou nie," sê hy en beveel 'n kelner om drank en eetgoed na sy werkkamer te bring. Henk kyk vinnig na Tisa en die prins voordat hy André volg. Hy sien die prins sit met sy hand op Tisa se arm en steek vir haar 'n sigaret aan en dit lyk asof die res van die party nie meer vir die tweetjies bestaan nie.

André sien dit ook en begin hom haas, maar hy maak eers seker dat Henk en Elsa hom volg.

Hulle kom by André se werkplek wat so volgepak is met gereedskap, sketsplanne en elektroniese apparaat dat daar nie veel plek vir stoele is nie.

André nooi vir Elsa en Henk om sommer op 'n rusbankie in die een hoek van die kamer te sit en hyself val in 'n leunstoel weg.

„Jy moet my help, meneer Human," stotter André. „Wat staan my te doen met so 'n vrou? 'n Mens het mos nie 'n vergrootglas nodig om te sien dat sy al weer halsoorkop agter die Arabier aan hardloop nie."

Die kelner kom met 'n skinkbord drankies en André sluk sommer twee whiskies weg.

„Tot hoe ver, meneer Olivier, is jy self verantwoordelik vir hierdie posisie wat in jou huwelikslewe ontstaan het?"

André Olivier wip orent. Sy hande soek haastig na 'n rookding, dan vra hy ontsteld :

„Ek . . . ek . . . hoe kan *ek* die skuld dra? Ek het haar alles gegee wat 'n vrou kan verlang . . . Daar is nie iets waaroor sy haar hoef te bekommer nie. En nou vra jy my so 'n vraag?"

„Wou jy dit nie dalk so gehad het soos dit nou is nie, meneer Olivier?" vra Human.

„Wou ek dit so gehad het? Jy dwing my om my eerste



goeie indruk van jou te verander, Human. Dis net presies die teenoorgestelde van wat ek wou gehad het wat nou hier in my huis ontwikkel het."

„Miskien sal die beste plan wees dat julle twee uitmekaar gaan. Dis mos die gewone oplossing deesdae, of hoe?"

Hierdie vraag van Human word begroet met 'n luide protes van André terwyl hy op die been kom en met sy hele houding demonstreer dat so 'n uitweg nie die antwoord is nie.

„Ek weier om so 'n idee selfs te oorweeg, meneer Human. Dit sal 'n te groot neerlaag vir my wees. Dit sal ek nie kan verduur nie."

Selfs deur die toe deur hoor hulle nou weer hoe die orkes aan die blêr gaan en Henk maak homself gemakliker op die rusbank om 'n slag dieper in die onstuimige gemoed van André Olivier te delf.

Hy wil net begin toe hulle egter die naderende voetstappe hoor. Daar is net so 'n tikkie van 'n kloppie en byna onmiddellik daarna loer Tisa by die deur in.

„O, hallo, André," koer sy, „so *dit* is waar jy wegkruip. Voel jy nie goed nie?" vra sy gemaak bekommerd.

André staan stokstyf daar en trek net diep aan sy sigaar. „Snaaks dat jy my darem onthou het, ek het gedink jy loop vannag nog weg met daardie . . ."

„Sjuut, hy staan net hier buite," beveel Tisa vir André.

„Wat . . . wat soek hy hier by my?"

Tisa kom die vertrek in en trek die deur agter haar dig. Henk sien dat sy opgewonde is, maar dis nie oor haar man se houding nie.

„Ons wil met jou oor 'n dringende saak gesels, André."

„Dis nie nou die tyd daarvoor nie; bowendien het ek gaste hier," en hy wys na Henk en Elsa.

Tisa draai glimlaggend na Human en Elsa maar sy verraai geen afkeuring op haar gesig oor hul teenwoordigheid nie.

„Ek ken vir Elsa goed," sê Tisa. „Ek gee glad nie om as sy ook by is nie . . . en meneer Human is ook welkom."

„Nou bring die vent dan in, dat ons klaarkry, want ek wil nog met Human gesels."

Tisa swaai om en oomblikke later keer sy terug met prins

Ali kort op haar hakke. Die prins rank hoog bokant haar uit, swierig in sy aandpak en ook besig aan 'n geurige sigaar. Hy maak 'n deftige buiging toe hy Elsa sien.

En sommer dadelik probeer hy beheer neem van die situasie. Henk sien dat hy eintlik oorloop van selfvertroue, deurspek met sjarme.

„Meneer Olivier," sê prins Ali, „verskoon my dat ek jou kom steur het, maar ek wou jou net kom gelukwens."

„Gelukwens? Wat bedoel jy, gelukwens? Ek is bevrees ek verstaan nie wat jy bedoel nie."

Prins Ali glimlag effens, skud die as van sy sigaar in 'n asbakkie af en kyk dan weer na André.

„U eggenote, meneer Olivier, u is getroud met 'n kunstenares, 'n dame ryklik geseën met talente, 'n seldsame gawe wat 'n mens maar min raakloop . . . Selfs in my eie land is sulke talent uiters skaars."

„Talent om wat te doen?" vra André ongeduldig.

„Om te dans, te dans soos die gode wou gehad het 'n mens moet dans . . . so goed . . . en ek is nie 'n man wat oordryf nie."

„Dans? Dans . . . maar sover ek weet het sy nog nooit meer as 'n jakkalsdraf uitgevoer nie . . . Vanwaar nou skielik die groot talent?"

„Ek," antwoord die prins ferm, „het haar vanaand *ontdek*. Ek is diplomaat van beroep, maar in my jonger dae was ek 'n beroepsballetdanser en ek kan oordeel."

„Nou ja, as dit so is, wat daarvan?" antwoord Olivier taamlik op sy hoede.

„Ag, André, moenie so onsimpatiek lyk nie . . ." val Tisa van diekant af in maar die prins onderbreek haar.

„Meneer Olivier, ek is 'n Oosterling. Ons het 'n fyn gevoel vir die kunste en dit breek ons hart as sulke talent in 'n sweetdoek verborge moet bly."

„Wat het jy in gedagte, Zimir?" vra André ontsteld.

„Jou vrou se talente moet ontwikkel word, meneer Olivier. Sy moet na my land gaan waar sy onderrig kan word. Sy sal daar met ope arms ontvang word, glo my. En hulle sal haar lei na wêreldroem. Jy mag nie weier nie. En dit sal jou niks kos nie. My land stel fondse beskikbaar vir sulke



persone om aan die beroemde Akademie in Kaïro te studeer onder die wêreldberoemde professor Aladin Damir."

„Toe, André, asseblief!" sê Tisa met smekerige stem.

Henk Human het nie kon droom dat daar soveel verset in die klein gestalte van André Olivier kan skuil nie. Miskien was dit ook die drankies wat hom ekstra koerasie gegee het, dink Human nog, en toe bevlieg Olivier die lang, statige prins.

Elsa en Tisa gil tegelyk en teen die tyd dat Human blitsig op die been kom, is die koeël reeds deur die kerk André kan net behoorlik bykom maar met sy plathand klap hy die prins teen die wang dat die Arabier steier.

„Kyk, Koelie," skreeu André, „nou maak jy dat jy wegkom uit my huis. En as jy talent soek, gaan soek dit in die agterbuurtes van Aden, en as jy weer jou voete hier sit, steek ek jou onder die lood!"

„André, jou onbeskofte . . ." skreeu Tisa, maar die prins beduie vir haar om stil te bly.

„Jy is klaarblyklik 'n man van die bosse, die bosse van barbaarse Afrika," sê prins Ali, „maar jou vrou is nie." Hy hou nog steeds 'n hand op die wang waar André hom geklap het, maar beweeg reeds na die deur.

„Ek gee jou vyf minute om jouself skaars te maak, Arabier, of so nie, waai die nerwe."

„Ek gaan, maar by die Lang Baard van die Profeet sweer ek dat ek nie sommer gaan lê nie. Tot siens, barbaartjie."

## Hoofstuk 2

## SLAG VIR ANDRÉ

HENK HUMAN dwaal in sy kantoor rond. Buite sy venster op die tweede verdieping swaai sy uithangbordjie in die vroeë oggendwindjie. Hy het vroeg stad toe gekom want die partytjie gisteraand by die Oliviers in Waterkloof karring in sy gemoed rond. Hy en Elsa het na die botsing tussen André Olivier en die Arabierse prins ook lekker aan die vrolikheid deelgeneem en, besef Henk nou, ietwat te veel sjampanje gedrink.

Die prins het, nadat André hom te lyf gegaan het, sommer

agter om die huis laat vat en net Tisa het hom afgesien by sy motor. André het toe aan die ander gaste verduidelik dat die prins skielik moes vertrek en die party het voortgegaan.

André het ook nie verder met Human oor die krisis in sy huwelikslewe gesels nie en, tot Henk se verbasing, self ook gedeel in die jolyt.

Maar vir hom wat oë het om te sien, was dit duidelik dat daar 'n ysmuur tussen André en Tisa gehang het. Hulle het mekaar op die partytjie vermy en Tisa moes haarself dwing om haar front van vrolikheid staande te hou.

Die party het hier kort duskant hoenderkraai geëindig en Henk reken hy is seker dat André en sy vrou daarna wel 'n onder-onsie sou gehad het sodat hulle vanoggend taamlik verlep daar moet uitsien.

Henk besef hy het 'n ander dringende ondersoek om te doen, maar sy aandag swaai steeds terug na die gebeure op die Oliviers se party. Bloot te oordeel aan wat gebeur het, lyk dit nie asof daar iets meer agter die petalje steek nie. 'n Vrou, gevlei deur 'n uiters aantreklike diplomaat en boonop nog 'n Oosterling daarby, kry dit skielik in haar kop om 'n bedekte talent te ontwikkel. Haar man gooi wal, daar is 'n stryery en 'n uitval . . . en dis al.

„Nou hoekom staan ek nog en peuter met die Oliviers," dink Henk vererg. Vir Olivier kan 'n mens skaars jammer voel. Wat verwag hy as so 'n poppie van 'n vrou alleen moet sit terwyl hy sit en breinstorms kry en dinge uitvind?

So 'n vrou vra aandag, anders glip sy deur jou vingers. En prins Ali weet hoe om hierdie aandag te gee. Net die man se gesig, dink Human. As jy hom fyn dophou, dan sien jy . . . tekens wat nie juis strelend op jou inwerk nie.

En hoe kan die prins so gou oordeel dat Tisa Olivier so buitengewoon talentvol is, wonder Henk weer. Of ken die tweetjies mekaar al van 'n vorige ontmoeting? André kan dalk salig onbewus wees van die toertjies van sy vrou wat hy met soveel sorg en noukeurigheid gekies het. Want hy sit seker nag na nag in sy buitekamer en peuter.

Of miskien is die prins so 'n fynproewer . . . maar basta met die draaikolk-gedagtes, en Human besluit om sy aandag nou finaal te verskuif van dié Oliviers en hul probleme.



Hy swaai beslis om op pad na sy lessenaartjie. Maar hy kom nie tot by die stoel nie, toe hoor hy die haastige voetstappe, die een harde klop en dan bars André Olivier by die kamer in.

En met die eerste oogopslag, terwyl hy hom tegemoet gaan, sien Human dat die duiwel los is. Die eiendomsagent lyk sommer asof hy kan oorkook.

„Môre," begin hy haastig. „Wat 'n gelukskoot dat jy op kantoor is. Die vonke spat."

Hy help homself aan die besoekerstoel en wag skaars totdat hy sy wind behoorlik teruggevind het van die vinnig stap, toe val hy weg.

„Die Arabier is op my spoor, Human. Ek moes hom gisteraand harder gemoker het. Hy soek nou regtig bloed."

„Sy soort is haastige mense, meneer Olivier, jy kon dit amper verwag het. Maar presies hoe wil hy jou slag?"

„Ek was skaars behoorlik in die bed vanoggend na die party—ek dink dit moes so na sewe-uur se kant toe gewees het, toe die voordeurklok aan die lui gaan. Toe ek daar kom, is daar egter niemand nie, net hierdie brief."

En André trek die lang groen koevert uit sy binnesak en oorhandig dit aan Human. „Lees," sê hy, „en kyk hoe brutaal die vent is."

Henk lees die kort brief gou deur. Dan gee hy dit vir Olivier terug.

„Kort en kragtig," sê hy. „So hy wil jou hof toe sleep op aanklag van aanranding."

„Dis nog te begrype, maar wat dink jy van die keuse wat hy my stel? Ek dink hy behoort onderstebo opgehang te word daarvoor."

„Beslis . . . Hy reken dus as jy Tisa Kaïro toe laat gaan, hy jou die guns sal doen om die dreigement van 'n hofsaak terug te trek."

André Olivier sit styf en regop voor Human se lessenaar en vir Henk lyk dit asof die man se hele tengerige liggaam kan vlam vat so kwaad is hy.

„Wat dink jy daarvan, Human? Wat steek daaragter?"

„Bloot geoordel op wat ek weet, is daar geen twyfel nie :

die prins het 'n vatplek op jou. En *jy* het die gaping vir hom gemaak, meneer Olivier."

„Hoe bedeol jy, *ek* het die gaping vir hom gemaak?"

„Deur gisteraand jou humeur so kwaai te verloor en hom die oorveeg te gee. Prins Ali kon nouliks gehoop het op 'n beter kans. En wat agter sy skielike ontdekking van jou vrou as 'n moontlike prima ballerina steek, wel, dit sal die tyd ons leer."

Die harde waarheid dring nou by André Olivier deur en sy gesig begin te hang.

„Dis alles Tisa se skuld . . . Dis sy wat die man verlei het . . . net soos sy dikwels al met ander mans probeer doen het," kla André.

Dan kyk hy skielik op, radeloos, terwyl hy die groen koevert van prins Ali in sy sak steek.

„Dink jy dan dat ek maar moet toegee en vir Tisa laat gaan? Wrintig man, dit sal my skok tot in my rugmurg."

Human sit rustig met sy hande voor hom gevou. Hy dink dat hierdie mannetjie 'n vroutjie moes gekry het wat bepaald meer ingetoë en onderdanig as Tisa is en dat hy nie veel respek het vir die metodes wat André gevolg het om sy wederhelf te kies nie.

„Nee," antwoord Human beslis, „nee, nee, dis nie wat ek aan die hand doen nie. Inteendeel, ek dink jy moet vir prins Ali sê hy moet in die Dooie See gaan spring, met jou komplimente."

Vir André Olivier klink hierdie woorde soos balsem. Hy kan dit egter skaars glo.

„Bedoel jy ek moet weier? Ek moet nie toelaat dat Tisa Kaïro toe gaan nie . . . ek moet die prins laat weet dat hy maar sy saak kan maak as hy wil?"

„Dis presies wat ek bedoel," antwoord Human en wonder wat die gevolge van hierdie advies aan Olivier gaan wees wat hy nou met sulke groot selfvertroue aan die eiendomsagent gee.

„Maar jy is mos sommer 'n pure vriend," antwoord André en hy lyk asof hy 'n hormooninspuiting gekry het.

„Henk Human," sê André geesdriftig, „ek weet nie wat



gaan gebeur nie. Miskien blaas daardie vent die aftog sodra hy sien dat sy bluf nie kan werk nie. Maar wat ook al gebeur, vir hierdie advies wat jy my vanoggend gegee het, wil ek jou beloon. Sal honderd rand genoeg wees?"

„Ek lewer my beste dinkwerk vroeg in die oggend, net nadat die planeet so gedraai het dat die son weer op die aarde skyn. Dan is ek my einste self. Hoe later dit word in die dag, hoe moeiliker word dit vir my om helder te dink. So, ek neem jou aanbod aan en baie dankie."

„Snaakse kalant, jy," lag André en skryf die tjek. Net voordat hy loop, sê hy : „Kan ons die posisie so beskou : dat jou dienste verder ten alle tye beskikbaar sal wees indien nodig?"

„Beskou dit so," antwoord Human en stap saam met Olivier na die deur.

„Maar my tarief kan varieer. Arabiese prinse kan dalk baie dinkwerk in die vroeë ure van die dag vereis."

„Ek is seker dat daardie prins geblus is, Human, en ek wil hoop dat hy binnekort uit Suid-Afrika sal wees. As ek hom weer sien, slaan ek hom met 'n koevoet plat . . . "

Henk Human maak die deur dig, hy swaai om na sy lessenaar. Hy reken hy het vanoggend nie te swak afgesit nie : R100 vir sowat een uur se onderhoud sal selfs Elsa se oë laat rek van verbasing, gewoond soos sy is aan 'n oorvloed van pitte.

Hy gaan sit en dan dans die onderduimse gesig van die prins hier voor hom op die lessenaar rond. Die klein vlammende swart oë, die skerp neus wat soos die punt van 'n spies lyk . . . en die man se dreigement toe André hom die huis uitgeskop het . . .

Human moet homself drasties onder hande neem om die Olivier-episode uit sy gemoed te stoot . . . maar hoewel hy dan met 'n ander ondersoek begin, is dit skaars 'n uur later of hier stoomroller André Olivier weer by die kantoortjie in.

En André Olivier staan bra druipstert daar. Hy lyk verwaaid, hy lyk asof hy raad nou baie dringend nodig het en nie haastig genoeg na Human kon terugkom nie.

„Welkom terug," begin Human, „het jy die prins se koppel saamgebring?"

„Ek wens dit was die geval," kom die antwoord, „maar ongelukkig is dit nie so nie. Daar het 'n nuwe moeilikheid opgeduik, Human, en dit sit my kwaai terug."

„Wat?"

„Net toe ek hier uit is, het ek sommer dadelik 'n draai by my prokureurs gaan maak. Ek het sommer baie veglustig gevoel en gesê ek gaan wag terwyl hulle met prins Ali se prokureurs in aanraking kom."

„Ek sien. Jy wou sommer nog vanoggend die prins laat weet dat hy kan gaan doppies blaas?"

„Net so. Ek moes myself bedwing om nie persoonlik na die ambassade te stap en die Koelie aan die keel te gryp nie. En hulle kom toe gelukkig vinnig in verbinding met prins Ali. Ek dink nie dit het langer as 'n halfuur geduur nie, toe het ons die antwoord."

„En wat antwoord Sy Hoogheid?"

André Olivier se stem is swaarmoedig toe hy antwoord: „Die prins bly by sy oorspronklike eis. As Tisa nie Kaïro toe gaan nie, gaan hy my aankla van aanranding . . . en hy gee my net 24 uur tyd om finaal te besluit."

„Swoesj! Die Arabier is dus ernstig," antwoord Human en hy wys vir André om te sit. „Maar hoekom gaan jy nie aan met die saak nie? Ek dink jy behoort die hof redelik simpatiek te vind. Op stuk van sake het jy onder kwaai provokasie opgetree toe jy Ali geklap het."

„O, daaroor bestaan daar geen twyfel nie. My prokureur het my gesê dat ek op die ergste 'n klompie rand as boete sal moet betaal, indien ek nie net met 'n waarskuwing daarvan afkom nie."

„Nou wat haak dan nog? Spring in en wys vir die Arabier jy skrik nie vir sy dreigemente nie."

André lyk asof hy begeer om hierdie wenk van Human aan te neem, dan spring daar weer 'n ander gedagte in hom op, en hy antwoord: „Ek het vir my prokureur gesê om my tot vanmiddag kans te gee om die posisie te oorweeg. Ek stap toe terug na my kantoor. Ek voel ek het die hef in die hand. Ek sit nog nie behoorlik in my kantoor nie of my vennoot stap in. Ek vertel hom van die posisie. Hy vat dit eers redelik kalm maar toe vertel hy dat ons firma op die punt staan



om 'n reusagtige transaksie met 'n sekere land in die Midde-Oose deur te voer en dat die publisiteit wat beslis sal volg op so 'n saak soos die van my teen die prins die transaksie feitlik sonder twyfel sal laat verongeluk."

„Dis 'n terugslag," antwoord Human, „maar ek kan jou vennoot se standpunt verstaan en die moontlikheid is sterk dat prins Ali weet van daardie transaksie."

„Presies, ons het sekere inligting van sy ambassade gekry oor die betrokke land. Hierdie feit moes beslis onder Ali se aandag gekom het."

Human sien dat André Olivier sit en wag en self nie kan besluit nie . . . hoewel dit tog reeds 'n uitgemaakte saak is dat die verwikkelinge vir Olivier geen keuse laat nie.

„Meneer Olivier, dan beteken dit net een ding: jy moet Tisa toelaat om Kaïro toe te gaan. Ek het self ook al 'n paar dansuitvoerings gesien, dus kan ek in 'n mate oordeel, en ek moet jou sê dat Tisa gisteraand glad nie te sleg vertoon het nie. Wie weet, miskien word sy nog wêreldberoemd —en kom sy terug met 'n nuwe liefde vir jou."

André het reeds geweet hy sal Tisa moet laat gaan, maar Henk se openhartige woorde slaan hom hard.

„As dit net iemand anders was, Human, iemand uit die Weste, iemand wat darem 'n bietjie meer beskaaf is, sou ek nog kon ingee, maar hierdie langneus, om my vrou onder sý beskerming te plaas, dit stuit my teen die bors. Hy walg my."

„As jy nie toegee nie, het jy 'n krisis met jou vennoot op jou hande, dis seker."

André Olivier spring op die been en begin in die kantoor rondmaal.

„Nou goed," sê hy naderhand, „dan moet sy maar gaan . . . maar . . . wag 'n oomblik . . . hier kry ek 'n nuwe plan."

Hy spring vinnig tot voor Henk se lessenaar en leun opgewonde vooroor.

„Human, jy lyk vir my soos 'n vent wat 'n slag met die Evas kan hê. As ek jou so deurkyk, kan ek my maklik voorstel dat hulle draaitjies sal loop om met so 'n ou soos jy nader kennis te maak."

„Ek is nie 'n Don Juan nie, Olivier, maar in hierdie ver-

band was ek darem nie altyd sonder sukses nie," antwoord Henk met 'n glimlag. „Behalwe die keer in Japan . . . "

„Human! *Jy* moet vir Tisa 'n gat in die kop gaan praat om die mal plan van haar te laat vaar. Ek gee nie om hoe jy dit doen nie. En as jy slaag, betaal ek jou duisend rand."

„En as ek nie slaag nie?"

„Dan vergoeding teen die gewone tarief."

„Dit klink redelik genoeg, ek sal laat vanmiddag gaan, dan is my tarief weer hoër."

„Ek gee nie om nie," antwoord André dringend, „jy sal net 'n afspraak met haar moet maak. Sy slaap gewoonlik tot amper middag en in die middae raak sy bedrywig, maar eintlik teen die aand se kant raak sy regtig op dreef, soos jy gisteraand self gesien het."

„Ek verstaan, ek sal met jou in aanraking kom sodra ek geprobeer het. Maar ek waarborg niks nie en dit kan dalk lank aanhou."

„Ons moet voor môrevroeg weet, want dan moet ek Sy Hoogheid laat weet wat ek besluit het."

„Ek sal geen steen onaangeroer laat nie, al moet ek self ook die Twist met haar dans."

Voordat Olivier uit Henk se kantoor vertrek, bel Human eers vir Tisa. Sy antwoord deur die slaap maar onderneem om Henk dieselfde aand nog aan haar woning te woord te staan en vra nie eens waaroor die geselsie sal gaan nie.

„Dit sal natuurlik nie te lank kan duur nie want soos jy besef, het ek baie voorbereidings om te tref in verband met my besoek aan Kaïro. Kan jy besef hoe opgewonde ek is oor hierdie wonderlike kans?" vra sy.

„Dit hang daarvan af presies waaroor jy so opgewonde is, mevrou," antwoord Human en plaas die gehoorbuis terug.

Vir André sê hy: „Sorg dat jy vanaand op die agtergrond bly. Ek gee nie om wat jy aanvang nie, moet net nie kom inmeng as ek met Tisa gesels nie."

„Maar wanneer sal jy my dan laat weet, Human?"

„Voor môrevroeg om nege-uur sal ek jou in kennis stel wat die uitslag is, maar moenie te optimisties wees nie."

Henk dink hy het al onaangenamer opdragte gehad as die een wat vir vanaand voorlê, veral as hy die prent van Tisa



Olivier se soepel liggaam herroep soos sy met die prins die fyner draaie van die Twist uitgevoer het . . . Hy besluit Olivier is besig om sy vrou uit sy hande te laat glip, en dat sy pogings om haar terug te win hom nog heelwat rande uit die sak gaan jaag.

En, dink hy nog agterna, prins Ali het 'n goeie oog, minstens vir skoonheid in die teenoorgestelde geslag, of kan hy nog ander dinge ook raaksien? Human brand om uit te vind.

Henk gooi later die middag 'n draai by die Enslin-woning wat net twee blokke van Robotstraat en die Oliviers se nuwerwetse huis af is. Hy het hom fyn uitgevat en toe Elsa dit sien, vra sy:

„Besigheid of plesier en moet ek vanaand sit en sokkies brei?"

„Albei, sou ek sê, en hou bietjie duimvas," en hy soen haar sodat alle agterdog sommer uit haar gemoed weg geveeg word. En toe vertel hy haar vlugtig wat aan die gang is.

„Pasop vir daardie vrou," waarsku Elsa nog toe hy skuins oor agt by die huis uitstap. „Sy speel kat-en-muis met die mans."

„Dit kos twee om te speel," antwoord Human en toe slenter hy fluit-fluit na Robotstraat.

Tisa moes hom op die beeldradiostel sien kom het want toe hy nog in die tuin is, pêrel sy reeds in die voordeur en die figuur wat sy slaan onder die fluweelsagte blou lig op die stoep laat haar net soos 'n nimf lyk wat uit die diep see te voorskyn kom.

„Hallo," groet sy, en toe Henk op die laaste twee trappies kom, steek sy 'n sneeuwit hand uit en lei sy hom na dieselfde kamer waar sy en die prins die vorige aand so geflankeer het.

Henk voel hy is in Parys so dwarrel die parfuum om hom, en toe sy met 'n glimlag wat selfs 'n kluisenaar kan oorrompel, vra of hy lus voel vir 'n Martini, antwoord hy dat hy baie lus voel.

Eindelik kom sit sy langs hom op 'n bank en vertoon ge-

noeg van haar lang simmetriese bene om Henk te laat besef dat hy homself moet inhou. En toe hou hy hom in.

Hulle praat eers oor koeitjies en kalfies, oor die drukkende weer van Pretoria, oor die moordsaak en oor ditjies en datjies en toe lanseer sy die vraag terwyl sy diep in haar glas kyk :

„En waaraan het ek jou besoek aan my vanaand te danke, borselkop?"

Henk besluit hy sal niks uitrig om doekies om te draai met hierdie nooi nie. Daarom val hy sommer weg.

„Ek dink nie jy moet Kaïro toe gaan nie, Tisa."

„Wat, wat het *jy* daarmee te doen?"

„Ek tree namens jou man op."

„Met watter doel?"

„Om jou te oorreed om prins Ali se aanbod van die hand te wys."

Sy sit so 'n oomblikkie. Henk sien sy kan darem dink ook.

„En hoekom moet ek nie?" vra sy terwyl sy hul glasies weer vul.

„Jou man voel jy laat hom in die steek, hy voel jy behoort eers op ander maniere seker te maak dat jy wel die talent het om 'n groot danseres te word . . . en dat jy dit wel in Suid-Afrika kan doen. En as sulke toetse dan positief is, voel hy, behoort jy liewer aan 'n inrigting in Europa of Amerika te gaan studeer."

Sy leun diep ingedagte agteroor, draai die glas so 'n paar keer tussen haar lang vingers rond en toe swaai sy vinnig half skuins en kyk Human vas in die oë :

„Kyk, Human," sê sy driftig, „ek het nou genoeg gehad van André se kleinsieligheid. Hy wil my hier ingehok hou, dag in, dag uit, jaar na jaar totdat ek 'n verrimpelde oumagrootjie is. As ek nie die talent gehad het wat ek het nie, sou ek dit nog kon aanvaar het."

„Hoe lank ken jy al vir prins Ali?" vra Human heeltemal ongeërg.

Haar donker oë vlam. Sy plak die glas op 'n stinkhouttafeltjie langs die bank neer.

„Wat het dit met die hele saak te doen, meneertjie, of is dit *eindelik* wat jy probeer uitvind?"



Henk besluit haar reaksie op hierdie vraag van hom is genoegsame aanduiding van wat moontlik aan die gang is en hy besluit om dadelik te retireer op daardie besondere punt.

„As jy nie wil antwoord op daardie een nie, Tisa, hoef jy nie."

„Dis my private saak en bowendien, ek en prins Ali is net goeie vriende," antwoord sy en steek weer 'n sigaret aan.

„Ek wil geen insinuasies maak nie, mevrou," sê Human. „Ek is hier met 'n versoek aan jou. Jou man het dit nodig gevind om my te vra om jou te nader aangesien julle twee dit blykbaar moeilik vind om objektief oor so 'n gesinsaak te gesels."

„Wel, ek is bewus daarvan dat my studietoer na Kaïro nie sy goedkeuring wegdra nie . . . maar dit gaan my nie van plan laat verander nie."

„Is dit jou finale besluit?"

„Dis my finale besluit, onherroeplik en . . . "

Sy klink nou dringender asof sy hierdie punt ekstra sterk wil benadruk :

„Ek het vanaand besluit om van André te skei."

Sy staan op. En haar hele houding wys vir Henk dat sy die onderhoud as afgehandel beskou.

## Hoofstuk 3

## HENK EN DIE PRINS

„SO! Dan is dít wat eintlik agter die hele affêre steek! Die skielike danstalent is net 'n rede om ons huwelik op te breek!"

Henk Human en Tisa Olivier ruk albei om toe hulle skielik die skrille stem agter hulle hoor. En in die deur van die sitkamer wat na die agterkant van die huis lei, staan André Olivier, bewend en starend.

„André, hoe durf jy? Ek bedoel, hoe weet jy wat ek en Human hier . . . "

„Eenvoudig," antwoord Olivier. „Ek het net 'n mikro-